W.14 DRYWENDE HART/FLOATING HEART

(*Nymphoides indica* **L. subsp.** *occidentalis* **A. Raynal)**

Familie: Gentianaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Drywende hart is 'n gewortelde waterplant met ronde, drywende blare soos dié van 'n waterlelie. Die blare is geelgroen, leeragtig en gewoonlik minder as 250 mm in deursnee. Die blomme is harig, wit met geel in die middel, ongeveer 25 tot 30 mm in deursnee en het vyf kroonblare. Die blomme verskyn gewoonlik enkel in die wigvormige insnyding van die blaar, maar word onderwater in digte trosse van 10 tot 25 naby die boonste deel van die steel wat die blaar dra, gevorm. Die klein ronde vrugkapsules bevat 'n groot aantal klein saadjies.

Verwante spesies

Daar is vier *Nymphoides*-spesies bekend in Suidelike Afrika. Drywende hart kan van die ander spesies deur sy wit blom met 'n kenmerkende geel middelste gedeelte en stewige geelgroen blare onderskei word. *Nymphoides thunbergiana* (Griseb.) Kuntze lyk baie soos die drywende hart, maar het liggeel blomme. Drywende hart word dikwels verkeerdelik as 'n waterlelie beskou. Waterlelies het egter sagter en gewoonlik groter blare terwyl die blomme, met 'n groot aantal ligblou tot pienk of wit kroonblare, ook groter is.

Verspreiding

Die plant word in die noordelike deel van Suidwes-Afrika/Namibië, Botswana en Transvaal gevind en kom wydverspreid in tropiese Afrika, insluitend Angola, Zaïre, Zambië en Zimbabwe, voor.



Ekologie

Drywende hart groei in stilstaande tot stadig vloeiende water van ongeveer 3 m diep. Dit kom in beskutte plekke in panne, damme en riviere voor waar dit dikwels saam met waterlelies *(Nymphaea*-spesies) en sekere spesies van fonteinkruid *(Potamogeton)* aangetref word.

Belangrikheid

Hierdie spesie dra by tot die toeslikking van klein dammetjies en kan hengel en watersport belemmer. Dit groei minder welig as die blouwaterlelie en is dus minder lastig.

Wetgewing

Daar is geen wetgewing vir die beheer van drywende hart nie.

Opmerkings

Nymphoides beteken "lyk soos 'n *Nymphaea*" (waterlelie); *indica* = van Indië.

Spesienommer: 6545.000-00100.

Literatuurverwysings

MUSIL, C.F., 1973. *Water plants of Natal - a guide to the important species.* The Wildlife Protection and Conservation Society of South Africa.

RAYNAL, A., 1971. Répartition géographique des *Nymphoides (Menyanthaceae)* Africains et malgaches. Mitt. Bot. StSamml. 10: 122-134.

RAYNAL, A. 1974. Le genre *Nymphoides (Menyanthaceae)* en Afrique et à Madagascar. Adansonia sér. 2, 14(2): 405-458.

VERDOORN, I.C., 1963. *Gentianaceae*, in Dyer, R.A., Codd, L.E. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 26.

WILD, H., 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Perskor vir die Staatsdrukker, Pretoria en verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

1980